Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*Die politieke party wissel sy koers en verander van vriende en verwater die volksideale al na gelang van omstandighede.*

# Die O.B.

*Die volksbeweging staan pal by die vriende en teen die vyande van sy volk en ken slegs die koers na die volksbestemming.*

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 19 JANUARIE 1944. No. 9.

## Vryheidsboodskap: Amajubadag 1944.

Mede-Brandwagte,



Drie-en-sestig jaar gelede het Afrikaners alles op die spel gesit met 'n koele veragting vir die dood. Sodoende het hulle Transvaal bevry op Amajuba se kruin. 'n Kort twintig jaar later is daardie vryheid weer gesmoor in bloed en konsentrasiekampe deur dieselfde vyand, die kapitalisme van die Empire, wat sy vangarmes na die goudvelde van Witwatersrand uitgestrek het.

Ons kan nie die imperialisme beveg en die kapitalisme laat links lê nie. Hulle is een en dieselfde ding van twee kante af gesien. Vandag is die handelwyse van Milner, die jingo, minder aktief as dié van Rhodes, die geldbaas, maar albei bly op dieselfde doel gemik, naamlik op die verslawing van die Afrikanerdom.

**ONS TAAK WORD DUIDELIK.**—Die Voortrekkergeslag moes te velde trek teen die hordes van Dingaan, terwille van Afrikanervryheid. Die geslag van Kruger en Steyn moes hulle lydensweg bewandel teen die bloedbevlekte imperialisme van Koningin Victoria, terwille van Afrikanervryheid.

**MAAR DIE GESLAG VAN DIE OSSEWABRANDWAG MOET DAARDIE VRYHEID AFSTRY, VERAL UIT DIE WURGGREEP VAN DIE KAPITALISME.**

Daarom, Ossewabrandwag, sê aan die Afrikanerwerker en -werkster en aan die werklose slagoffer van die vyand:

„My broer, my suster, voor God het ek gesweer dat ek my mede-Afrikaner in die stryd nie sal verlaat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. Daardie eed gaan ek hou, ook teenoor jou, **VERAL TEENOOR JOU.**"

Ons veg vir vryheid, „knegte van die Allerhoogste teen die hele wêreld vry."

Teen die knegskap van die kapitalisme roep ons:

**VRYHEID! VRYHEID!**

(Get.) J. F. J. VAN RENSBURG,

Kommandant-generaal, Ossewabrandwag.

**£100,000** in aandele is sedert Maart laaslede deur lede van die publiek onderskryf in Excelsior Meubels Beperk. Die jongste finansiële state weerspieël groot winste oor die afgelope boekjaar en 'n diwidend van 8% word weer verklaar op inbetaalde kapitaal.

U soek na 'n suksesvolle saak om u geld in te belê en hier is u kans! Besoek ons organisasiekantore waar u kan verneem van die groot omset en uitbreidingsmoontlikhede van ons sewe takwinkels en twee fabrieke of vra om inligting op die vorm hieronder.*

Organisasiekantore:— **Johannesburg:** Spoorbondkasgebou, de Villiersstraat. **Kaapstad:** Kamer 614, Groote Kerkgebou **Bloemfontein:** St. Andrewstraat 123. **Port Elizabeth:** Kamer 617, Colonial Mutualgebou.

**EXCELSIOR MEUBELS BPK.**

* Die Sekretaris, Excelsior Meubels Bpk., Posbus 6670, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief besonderhede van u aandele aan:—

M.............................................

.............................................

(O.B., 19 Jan. 1944) .............................................

*Ons sukses is u voorspoed*

*NOEM ASB. „DIE O.B."*
*AS U ANTWOORD OP ADVERTENSIES*

## Nuutste Ontwikkeling in „Nasionale" Republikeinse Strewe

### „Ons Deelgenootskap met die Gemenebes Moet Gehandhaaf Word"

**Ons bring ons lesers hierdie week die volgende verbluffende verhaal, wat ons in ons inleidingskolomme verder bespreek:—**

**SIEDAAR DIE REPUBLIEK!** Dr. Otto du Plessis, Voorligting-Sekretaris van die Herenigde Nasionale Party, Redakteur van Die Oosterlig, skryf as volg in „Common Sense" (vertaal uit die Desember-uitgawe):

„Die belange van Suid-Afrika in Afrika en in die wêreld kan bes behartig word as hy sy vrye verband met die (Britse) Gemenebes van Nasies behou. Afrikaanssprekende burgers moet dus gewillig wees om hierdie toegewing te doen en tot die handhawing van ons deelgenootskap aan die Gemenebes toe te stem."

Engelssprekendes moet dan weer volgens Dr. Du Plessis van hulle kant die Goewerneur-generaal prysgee en toestem tot sy vervanging deur 'n verkose President. **Siedaar die Republiek!**

Ons siteer verder uit „Common Sense":

„Ons almal moet gereed wees om 'n verenigde nasie te bou op die grondslag van 'n republikeinse vorm van regering en die behoud van ons verband met die Gemenebes van Nasies. **Dit is die Grootse Kompromis.**" Aldus Dr. Otto du Plessis.

**POLITIEKE JA-WOORD:** Eintlik is dit die tentatiewe politieke ja-woord op die informele, maar tog voel-voelende hofmakery van mnr. J. P. Cope, Redakteur van die „Forum" en die beskermling van Min. J. H. Hofmeyr, deur wie die „Forum" beheer word.

**DIE LOKAAS:** In die November-uitgawe van „Common Sense" het hy, d.w.s. mnr. Cope, uitgewei oor die noodsaaklikheid van 'n oplossing vir die republikeinse vraagstuk, want, sê hy in mismoedigheid, „Ons is nog net so ver van die Botha-ideaal van samewerking en konsiliasie as ooit sinds die afloop van die Anglo-Boere-oorlog." Hy bepleit dan 'n konstitusionele verandering in verband met die Goewerneur-generaalskap. O.a. sê hy: „Die betrekking (van Goewerneur-generaal) het geen sentimentele of simboliese waarde vir die gemiddelde Afrikaner nie. Die gemiddelde Engelssprekende ‚South African' beskou dit as 'n uitvlug (‚makeshift')."

Te danig swaar beskou die heer Cope (vermoedelik met die seënwense van bevriende en beskermende groothede van die Verenigde Party agter hom) dit dus nie om van hierdie leë dop afskeid te neem nie. Hy stel dit voor en gee ons dus — die Republiek! Hy noem dit: „'n Republiek binne die Britse Gemenebes van soewerein onafhanklike nasies."

**VOORGESTEL, GESEKONDEER:** Dit was die mosie. So het voorgestel J. P. Cope, Redakteur van die „Forum". So is dit gesekondeer (as „Enlightenment Secretary of the Nationalist Party", soos die brief onderteken word) deur: Otto du Plessis, Redakteur van die „Oosterlig".

Blykbaar kan 'n mens aanneem dat hiervoor by voorbaat ook al 'n paar stemme uitgebring is — meesal seker nie in die openbaar nie.

**STEM VAN WAARHEIDSLEËR:** Een het egter prontuit gepraat, nl. die heer T. C. Robertson, hoof van die Unie-Waarheidsleër en hoofredakteur van „Libertas", die propagandablad van die Veldmaarskalk. In die uitgawe van September 1942 van „Libertas", het hierdie alombekende „republikein" reeds gesê:

**„Ja, ek is ook 'n republikein.** Die konstitusie van die party waartoe ek behoort en waarvan Genl. Smuts die leier is, laat my toe om een te wees. Ek verkies dié stelsel van politieke organisasie bo dié van 'n monargie. Groot Suid-Afrika („Greater South Africa") sal, so hoop ek, 'n president hê."

**ONS WONDER.** Ons wonder nou maar net:—

● Watter soort republikeine daar **nog** is en wie hulle is.

● Of Dr. Otto du Plessis se ideaal van 'n Republiek in die stilligheid nog altyd dié van die H.N.P. was.

● As dit was, hoekom hulle dit nie destyds vir Genl. Hertzog gesê het toe hy bitter aangeval is vir sy pleidooi vir die handhawing van die bande met die Gemenebes nie.

● Of hierdie nie meer as die destydse beweerde geskrifte na vrymesselaarsbriewe lyk nie.

● Ons wonder regtig of ons hierdie nuutste, ofskoon sydelingse, hofmakery tussen Verenigde Party en Herenigde Nasionale Party as ernstig moet beskou, veral met die oog op 'n Parlementsitting wat voorlê, veral as ons dink aan die erkende vermoë van politieke partye om konsekwent inkonsekwent te wees, veral as ons verder daaraan dink dat die voortsetting van ons huidige s.g. demokratiese partystelsel in albei se belang is.




TABBERDS!

GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by

Steyns

PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.

Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| WYNE: | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi en Wit | 1/3 | 1/2 | 6/- |
| Soet Muskadel en Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worc. Hock en Pontak | 1/1 | 1/- | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/- | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| BRANDEWYNE: | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 6/3 | 34/- |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/- | 33/- |
| LIKEUR-BRANDEWYN: | | | |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Peperment en van der Hum .. .. | 6/6 | 5/6 | 31/- |
| JENEVER LIKEURS: | | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | 6/6 | — |
| Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme:— K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.

DIE O.B., WOENSDAG, 19 JAN. 1944

# Sy Majesteit Se Republiek

,,....En die Party van die Afrikanerdom, ja, die enigste Party van die Afrikanerdom, sy enigste krag, sal vandag nog, selfs ten spyte van ondermyning deur allerhande beweginkies en allerlei fortuinsoekers, die Afrikanerdom lei na sy bestemming, 'n eie Republiek, geskoei op die lees van die Republiek van Paul Kruger!''

Wie het nog nie hierdie of dergelike woorde, gepaard met dramatiese armgeswaai, hoor uittuimel by die monde van die partypolitici van die H.N.P. nie? Wie het nog nie gehoor hoedat die beroepspolitici van die H.N.P. pleit vir 'n republiek nie? Hulle moes so pleit. Want hulle moes 'n republiek voorhou wat die republiek van die ontwaakte Afrikaner se volksbeweging, die Ossewabrandwag, sou oortref. Daarom sou die republiek van die H.N.P. dan die volkseie voortsetting wees van die Kruger-Republiek, terwyl die republiek van die O.B. in die woorde van die H.N.P.-propagandiste somaar die onvolkse skepping van Duitse Sappe sou wees....

Ons ken al hierdie stories. Betaalde agente en rondreisende leiers van die H.N.P. het mos die land deurkruis om die volk te skeur met hierdie praatjies. Ja, en die Hoofleier van die H.N.P., vir propaganda-doeleindes ook soms ,,Volksleier'' genoem, het mos somaar briesend kwaad geword en 'n kort maar kragtige oorlog teen die O.B. verklaar omdat die Komdt.-Genl., dr. J. F. J. van Rensburg, die destyds algemeen-aanvaarde konsep oor die vorm en inhoud van die Republiek laat publiseer het. Die ,,Volksleier'' het ewe verontwaardig die land platgery en voor 'n verblufte volk die O.B. met swawel en vuur bedreig omdat dr. Van Rensburg sy (dr. Malan se) prerogatief uitgeoefen het. Ai, as dit nie so tragies was nie, sou mens gerus daaroor kon lag!

En vandag? Eindelik vandag het dr. Malan nou sy eie, en vir hom alleen voorbehoude, prerogatief uitgeoefen. Hy het nl. by monde van sy Voorligtingsekretaris, ene dr. Otto du Plessis, die vorm en inhoud van die Republiek wat hy as ,,Volksleier'' en sy Party as enigste Party van die Afrikanerdom nastreef, laat uiteensit. Tipies van hierdie uiteensetting is dat dit die eerste lig gesien het in 'n Engelse blad, die sogenaamde ,,Common Sense''.

### DIE NUWE REPUBLIEK

Die uiteensetting is heel eenvoudig. Die parlementêre opposisie-groep deur hulself Sy Majesteit se Opposisie genoem, d.i. die H.N.P. — 'n produk, netsoos die Regering, van die liberaalkapitalistiese stelsel —, wil graag die **status quo** handhaaf, met dien verstande, egter, dat 'n paar terminologiese veranderinkies aangebring word. In die eerste instansie moet die woord ,,dominium'' vervang word deur ,,republiek'' en die woord ,,goewerneurgeneraal'' deur ,,president''. Laasgenoemde moet dan ,,gekies'' word deur die Suid-Afrikaanse nasie. Owerigens is Sy Majesteit se Opposisie heeltemal tevrede om Sy Majesteit se Republiek in Suid-Afrika uit te roep.

Oneindig pateties en diep vernederend is die feit dat die H.N.P. tans bereid is om die grootste kompromis wat die Afrikaner kan maak, aan te gaan — die kompromis nl. wat van hom verlang om sy eie nasionale identiteit af te sweer ten einde op te gaan in 'n twyfelagtige Suid-Afrikaanse nasie (,,South African nation''), 'n eienaardige skepping wat eintlik maar net in die verbeelding van liberalistiese denkers kan bestaan. Hierdie Suid-Afrikaanse ,,nasie'' moet insluit opregte Afrikaners sowel as Empire-aanbidders, nasionaliste sowel as holiste, Boere sowel as Jode of kaffers, patriotte sowel as Home-mense — die kiesers-korps wat die sog. ,,President'' moet kies. Kan uit so 'n heterogene konglomerasie van lojaliteite en rasse 'n volk innerlik saamgroei? Is 'n volk 'n meganiese of propagandistiese of opportunistiese sameflansing? Nee, honderdmaal nee! 'n Volk is 'n lotsgemeenskap — nooit die produk van 'n kompromis nie!

Daar is nie soiets soos 'n ,,Suid-Afrikaanse nasie'' nie. Daar is net die **Afrikanervolk**, die lede waarvan reeds tot 'n organiese eenheid saamgesweis is en wat nog steeds deur assimileerbare elemente uit die Wes-Europese kultuurvolke aangevul word, —die Afrikanervolk met net één gemeenskaplike toekoms en trou: Suid-Afrika.

### SKAAMTELOSE OPPORTUNISME

'n Meer skaamtelose voorbeeld van opportunisme kan die H.N.P. nooit gestel het nie. Aan die een kant moet die Engelse seksie in ons land bevredig word. Goed — die H.N.P. is bereid om binne die Britse Statebond te bly. Aan die ander kant moet sy eie volgelinge ook bevredig word. Sekerlik — die H.N.P. stel voor dat ons nie langer Dominium heet nie maar Republiek. Is dit so vêr soos partypolitieke opportunisme mens kan drywe? Dit herinner aan die aspirant-kandidaat wat aan sy kiesers gesê het: ,,Dames en here, dit is my standpunt, maar as u nie daarvan hou nie is ek maar al te bereid om dit te verander''.

Maar waarom, sal 'n mens vra, kom die H.N.P. nou weer met hierdie poedelnaakte opportunisme? Daar is net één antwoord. Dieselfde H.N.P. wat vroeër oor 'n Duitse oorwinning gejuig het, glo nou dat die Engelse of die Geallieerdes die oorlog gaan wen, en is tans besig om sy laaste duit op hierdie gewaande oorwinning te verwed in 'n skouspelagtige poging om in die goeie boeke van die Smutsiete te kom. Nou moet die Groot Kompromis met die Empire aangegaan word sodat die Party, die H.N.P., kan voortleef, al is dit dan ten koste van die Afrikanervolk se siel. Waarlik, hierdie Grootse Kompromis is 'n waardige kroon op die H.N.P. se lang reeks opportunistiese sette.

### DIE VASTE KOERS

Maar één ding wil ons sê. Die Ossewabrandwag lei die opmars van die volk na sy eindbestemming. Die Ossewabrandwag is die Afrikanervolk in beweging. Hy is nie 'n politieke party wat parasities op die volk teer en bereid is om vir eie behoud selfs die volk te vernietig nie. Nee, die O.B. is die gestalte wat die volk se strewe aangeneem het. Hy kan nie bekostig om die volk se toekoms op twyfelagtige oorwinnings te verwed nie, of om kompromisse met die Britse Ryk aan te gaan nie. Die koers van die O.B. verander nie met die oorlogsomstandighede nie. Sy koers is vooruit bepaal, netsoos die lotsbestemming van ons volk vooruit bepaal is deur God.

Die H.N.P. as meganiese politieke party kan vandag, as die oorlog lyk of dit in Duitsland se guns verloop, vir Adolf Hitler vra: ,,Wat gaan jy na die oorlog met S.A. doen?'' En môre as dit weer oppervlakkig lyk of die oorlog in die Geallieerdes se guns verloop, die Groot Kompromis met die Empire voorstel.

Die Ossewabrandwag kan maar één ding doen: koers hou en stry, getrou aan die sy van ons volk se vriende, téén ons volk se vyande, en na ons volk se eindbestemming.

Die volk wil geen kompromis-republiek hê wat 'n samestellende deel van die Britse Ryk is nie. Ons is klaar met die imperialisme!

Die volk wil ook geen **status quo**-republiek hê wat die huidige stelsel holus-bolus oorneem nie. Ons het vir goed gebreek met kapitalistiese uitbuiting, parlementêre onmag en partypolitieke verdeeldheid!

Die volk wil geen republiek hê wat die hebsugtige uitoorlê-gees van die Ou Bedeling adem nie!

Die volk wil 'n republiek hê met 'n verjongde lewensbeskouing, nie praatsiek nie, maar daadkragtig. Ons wil 'n gesagstaat hê, nasionaal en sosiaal van aard, ons eie, vrye, onafhanklike Republiek, onbelemmerd deur kompromisse en los van die Britse Empire!

# Min of Meer Belangrik

### *Só Kommunisties*

Kommunistiese Rusland is so kommunisties dat volgens beraming 11% of 12% (die heersersklas) van die bevolking 50% van die totale nasionale inkomste vir hulleself toeëien.

Vergelykend hiermee: in die V.S.A., die mees kapitalistiese land, ontvang 10% van die bevolking 35% van die nasionale inkomste.

In die V.S.A. kry die miljoenêrs dus baie; maar in Rusland kry Stalin en sy satelliete nog meer in vergelyking met die volk.

* * *

### *Stalinisme*

Prof. Harold J. Laski, 'n voorstander van internasionale sosialisme en pleitbesorger van Kommunistiese Rusland, moet erken dat daar massasuiwerings, massa-verbannings en massa-onthoofdings was, dat lang gevangenisstraf en die doodstraf gegee word sonder verhoor, dat verkiesings 'n klug is en die stembriefies gedruk word om soos 'n lofsang op Stalin te klink, dat die Russiese Geheime Polisie se magte ontsaglik en verskriklik is, dat betreklike jong kinders aangemoedig word om hul ouers te verklik, waarvoor hulle die hoogste lof ontvang, dat die verafgoding van Stalin 'n godsdiens geword het en weiering van deelname daaraan 'n misdaad strafbaar met die gevangenis of die dood.

* * *

### *'n Volksman*

Beweer word dat die enigste lede van die Engelse arbeiderklas met wie die Engelse aristokraat en Staatsman, Lord Balfour, in 'n publieke loopbaan van baie jare in aanraking gekom het, sy lyfbediende en sy motordrywer was.

* * *

### *Het Hy Gedink?*

Die Aartsbiskop van York sê dat die gewete van die mensheid 'n straf vereis vir hulle wat bevel gegee het en meegewerk het in sommige van die smerigste wreedhede en gruweldade wat die blaaie van die geskiedenis beklad. Geregtigheid vereis dat diegene wat verantwoordelik is met die uiterste gestrengheid behandel word.

Weet die Aartsbiskop wel teen wie hy almal 'n oordeel uitspreek?

# Christiaan De Wet — Man van die Daad!

## *Lesing Gelewer voor Stellenbosse Vrouekommando*

**,,Onbuigbare man met sy deurdringende oë, sy sterk mond en ken — ek sien hom nog daar soos 'n leeu in 'n hinderlaag geval. — Hy wil nie, hy kan nie; maar hy moet die stryd opgee," so skryf dr. Kestell van hom.**

De Wet is vandag vir ons beweging die grootse bewys van hoe liefde vir 'n volk en 'n vaderland jou sterk kan maak in gevare. Sy vaste stem, sy rustige kalmte in die vuurstryd het van swak burgers leeus gemaak. Tipies van hom was sy woorde as hy iemand vir ongehoorsaamheid of oortreding getug het: ,,Dit is nie ek wat straf bepaal nie — dis de Wet", want hy het geglo in dissipline, in die bevel, in die wet. De Wet het geglo dat omdat strenge dissipline ontbreek het, het ons verraaiers onder ons boeregeneraals gehad — en ons glo met hom dat die Afrikaanse volk alleenlik tot sy reg sal kom deur dissipline.

Daardie uitdagende oë van hom wat nooit toegelaat het dat die vyand hom betrek het nie, daardie ferm geslote lippe is vir ons die kentekens van 'n vaste geloof in dissipline, selfs in die uiterste gevaar, want juis dan red die dissipline die mens van paniek. In daardie dae het genl. Hertzog gesê van die republikeine wat besware opper oor die nutteloosheid van die voortsetting van die stryd: ,,Teoreties kon hul oor die heilstaat van 'n Republiek praat, maar hul word verskrik om koue en honger, brandende somerdae en bitter winternagte te verduur, want by hulle het ontbreek die dryfveer van 'n suiwer ideaal wat die moeë liggaam aanpor en 'n sterk geloof wat maan teen verslapping".

### DE WET SE DADE BESIEL O.B.

Vandag is daar weer bosting tussen diegene wat net wil praat en diegene wat aangevuur word deur die daad — en die eerste groep gryp na die ou wapen wat ook destyds teen De Wet, die sinnebeeld van die Afrikanerdom in aksie, gebruik is, nl. die beskuldiging dat De Wet se strydvaardigheid en moed nie deur liefde vir sy volk en vaderland aangevuur was nie; dit was krygsroem waarna hy gehunker het; sy moed was maar net koppigheid! As die wil tot die daad by die praters ontbreek, verdoem hulle die daad in ander — met sulke tye word van eie mense gepraat as rampokkers. Vandag roem hierdie soort vaderlanders ook die dapperheid van 'n De Wet, is verruk oor sy opstandsdaad — want hy is al in die graf en kan nie weer opstaan nie — en as hul eie mense deur dieselfde vryheidsideaal aangevuur word tot dade teen die volksvyand, word hul veroordeel, word hul as onontwikkelde rampokkers bestempel! Dit was ook hierdie soort ,,lae" lere wat steeds die vryheidsvlam na honderde jare in Ierland brandende gehou het en vir Ierland die vryheid laat bekom het. 'n Kruger, 'n Steyn, 'n De Wet, 'n Jopie Fourie, 'n Beyers, 'n De la Rey, almal was rampokkers, want in hulle was ook die daad oppermagtig; en tog word hulle vandag as helde geëer! Waarom moet die jong Afrikaners van die O.B. vandag belaster word? Omdat 'n De Wet se dade, 'n Kruger se ideale hulle besiel, hulle dwing om te doen en nie net te praat oor die republiek waarna iedere waaragtige Afrikaner so intens hunker nie!

Toe die vroue wat in kampe gely het, betoog het vir die vrylating van De Wet wat al elf maande in die tronk gekwyn het, het hul in hom gesien die Afrikanerdom in opstand teen die uitdelger van ons Boervolk. De Wet se opstandsdaad sal weergalm in ons geskiedenis as later by die noem van die name van die jong Afrikaners wat al maande en jare in die kampe en tronke sit, 'n juigkreet sal opgaan van die hele volk vir wie hul alles uit offervaardige liefde gedoen het. De Wet was hul inspirasie, hul voorbeeld, hul held, ons held, sinnebeeld van die Afrikanerdom in aksie!

Gee die Empire gehoor aan die partykrete? Vrees hy die ,,prietpraat"-opposisie, om De Wet se eie woord te gebruik, respekteer hy die opportunistiese gepolitiekery wat tenslotte verflou in koukustwiste, kleinlikhede en persoonlike jaloesie? Nee, net so min soos hy in 1914 aggeslaan het op 'n parlementêre minderheid en protesvergaderings — maar hy vrees wel die onverbiddelike, onversetlike wil tot vryheid van die O.B. en sy jong manne besiel deur die krag van die daad. Dit is te vernederend vir hulle om te praat en te protesteer in 'n partypolitieke parlement as 'n magtelose minderheid. Die vyand glo tereg in die psigologiese feit dat uiting deur middel van woorde die onvergenoegdheid en verset wil stil maak.

### SKIMPE TEEN DE WET EN DIE O.B. DIESELFDE

In 1914 is De Wet, Beyers en die Nasionale Party beskimp as Duitse agente en advokate; Duitse geld het die opstand bewerkstellig! Vandag word dit van die O.B. gesê. Dit is asof die Afrikaanse pers die ou artikels van die jingokoerante vertaal en hul eie gemaak het; want dit is saam met die Empiregesindes dat hulle daardie ou aantyging vandag teen mede-Afrikaners gebruik!

Hoor wat die Engelse vyand van De Wet gesê het toe die ander Boeregeneraals in die stryd begin verslap het, toe 'n Botha al stilletjies op Middelburg oor vrede begin onderhandel het: ,,Hy mislei die arme onskuldige Afrikaners wat niks besit nie, en dis net die armblankes wat uit afguns die stryd voortsit". Hierdie sienswyse het menige hoofartikel destyds gevul; dit het volgehou tot vandag. Ons eie groot Afrikaanse koerante het ook gesê dat die volgelinge van die O.B. net onkundiges is wat deur ons K.G. mislei word. Laat ons, die onontwikkeldes, die uitgewekenes, dan maar die K.G. se voorbeeld volg en die stryd voortsit, want ons doen alles terwille van ons volk en vaderland, soos 'n De Wet! Daardie selfde koerante het vir ons eenmaal geleer dat as jou vyand jou prys, jy moet oppas; maar as hy jou uitskel vir dom en ontontwikkeld, dan is jy op die regte pad.

In 1914 was daar 'n Helpmekaar om die rebelle en hul huisgesinne te help, daar was 'n nasionale leier wat sy lot met sy mense ingewerp het. Vandag word die Afrikaner wat die besieling van 'n De Wet ervaar aan die vyand uitgelewer.

Daar was 'n nasionale partyleier in 1914 wat die vrylating van De Wet geëis het. Vandag is daar 'n nasionale partyleier wat maar tè gretig is om die vyand se regte in hierdie land van ons te beskerm, en wat saamspan om mede-Afrikaners aan die vyand uit te lewer — want dis nie sy mense nie; hy erken nie die bande van bloed, taal, tradisie en vryheidsdade nie!

Die Engelse het destyds van De Wet se opstandsdaad gesê:

,,England trusts a solemn vow,
That's her way. We don't regret.
Quick to spare a traitor? No
De Wet!--

'n Vlaming skryf egter:

Nu ben ik om uw daad verrukt,
De Wet.
Te dulden wat onduldbaar drukt,
Dat is een smet:
Den moord'naar van zijn vaderland
Te reiken gul de vriendenhand
Dat is eerst schand!
Maar die kleeft nooit op U,
De Wet.

Langs 'n Steyn by die monument ter ere van ons vroue en kinders wat vir 'n groot volksaak gely het, rus en wag hy — die forse, stoere, onwankelbare, dapper Afrikaanse soldaat, trou teenoor sy God, sy volk, sy vaderland, en hy wag op ons jong manne met moed en besieling om uit te voer wat hy in 1914 nie kon bewerkstellig nie.

Ons eindig met 'n aanhaling uit Cyriel Verschaeve, die Vlaming wat in ons De Wet die grootste held van eeue gesien het:

,,Als 't liefde geldt, is halfheid slecht,
Dit was uw wet.
Geve U 't lot zege of treffe U 't staal,
Ik was toch liever duizendmaal
In 't graf De Wet
Dan Botha in de zegepraal."

## UIT DIE KAMP

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n brief wat van 'n op Koffiefontein geïnterneerde Afrikaner ontvang is:—

,,KERSDAG 1943

Ons sê baie, baie dankie vir al die heerlike eetware, lekkers en ander lekkernye. Verlede Donderdag het ons b.v. 35 skape ingekry, wat tienmaal soveel is as wat ons altyd eet. Aangesien die weer so warm was, het ons nog dieselfde aand met die feesviering begin. Oral het die kêrels vuurtjies begin maak, ook van hout wat ingestuur was. Toe het die vleisbraaiery begin en die etery. Die kêrels was opgewek en 'n mens kon duidelik die tevredenheid op hul gesigte lees, want hierdie vleisbraaiery was die onderwerp van die dag reeds vir die afgelope paar maande. Die vet om die monde soos die beentjies afgeeet is, was oral sigbaar. Steun-steun het hier en daar nog 'n ou wat 'n alte groot vleishonger gehad het, vir laas nog 'n oorskiet-ribbetjie oor die kole sit en braai. Aangesien almal goed geëet het, het die vrolikheid ook toegeneem en het die konsertinas en ghitare opgewekte musiek gelewer. Gistermôre het ons selfs vir ontbyt vleis gehad en vir die middagmaal hoenders . . . .

Die middagmaal vandag het die kroon op die feesviering geplaas. Ons het koue skaapboud met heerlike sagte beetslaai gehad. Daarby het ons pampoen en wortels ook gehad. Praat nie van die heerlike doekpoeding en SOUS nie ! ! ! Dit was werklik ons eerste gebalanseerde maal hier en daar was nie een kêrel wat honger van die tafel af opgestaan het nie. Ons het nog lekkernye oor, maar nuwejaar lê nog voor, daarom bêre ons dit. Ons sal baie bly wees as ons innige dank aan die vroue oorgedra word."

## VELDSKOENKRING

In ons uitgawe van 15 Desember het daar 'n drukfout ingesluip t.o.v. die bedrag wat deur die Veldskoenkring ingesamel is. Die bedrag moet lees £71-8-11 en nie £17-8-11 nie. Ons vra om verskoning, Veldskoenkring.

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-
masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU!*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

*PAS VERSKYN*
**Menslike Physiologie (Deel I.)**
deur
**H. E. Brink, D.Sc. (Stell.).**
553 blss. 116 teksfigure. Prys 20/-
(Posgeld 9d.)

'n Standaard handboek vir mediese studente, B.Sc.-studente, studente aan Opleidingskolleges en onderwysers van Physiologie aan Hoërskole.

Weens papierskaarste is slegs 'n beperkte aantal eksemplare van hierdie baie waardevolle handboek verkrygbaar.

Plaas dus dadelik u bestelling by u plaaslike boekwinkel of direk by die uitgewers:

Pro Ecclesia-Drukkery
Die Laan Stellenbosch

**'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:**

,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

**MEER AS 200 KURSUSSE**

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ____________
Naam ____________
Adres ____________
(O.B., 19 Jan. 1944) ____________

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

**HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**
VOORTREKKERGEBOU 318, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

## *Geklassifiseerde Advertensies*

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar). Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.

Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.

Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

### VERLOWING

**PIENAAR — JORDAAN:** Hiermee wens ons aan vriende(inne) en familie bekend te maak dat Maxie, jongste dogter van L. Pienaar, Cradock en Beyers, jongste seun van G. Jordaan, Doornhoek, Cradock, op 25 Desember verloof geraak het.

**SCHUTTE—LENSKE:** Aan familie, vriende en belangstellendes word bekend gemaak dat ons, Ernst Schutte, Hoof van die Organisasie-afdeling, Excelsior Meubels, Bpk., en Hettie Lenske, van Kampweg 24, Pinelands, verloof geraak het.

**TAYLOR — VAN DER WATT:** Die verlowing word hiermee bekend gemaak van veldkornet H. W. Taylor van die Harrismith Oos-kommando, enigste seun van mev. en wyle mnr. G. F. Taylor, en Isabel, tweede dogter van mnr. en mev. Williams van der Watt, Gideonsrust, Marquard.

### HUWELIK

**CILLIERS — BRINK:** Ons, Adj. P. Cilliers van die H/Kommando Port Elizabeth en Jeug-Veldkornette F. Brink van Porterville, wens bekend te maak dat ons op 30 Desember getroud is.


### BENODIG

**MOTORWERKTUIGKUNDIGE** met goeie ondervinding. Meld salaris verlang en bekwaamheid. Vir verder besonderhede skryf aan: **Kriel se Garage, Rawsonville.**

**BLANKE** meisie vir algemene huiswerk. Moet kennis hê van kook ens. Salaris £3 per maand en vry inwoning. Skryf aan: **Kriel se Garage, Rawsonville.**

**DAME** as huishoudster en assistente met pluimveeboerdery. Vrye inwoning, aangename omgewing. Beginsalaris £5 per maand. Doen aansoek met getuigskrifte en portret aan „J", Posbus 8576, Johannesburg.

**PLAASVOORMAN.** — Moet kennis hê van saaiery, plaasmasjinerie en melkery. Moet getuigskrifte met applikasie insluit indien persoonlike onderhoud nie gereël kan word nie. Salaris £9 per maand en alles vry. Aansoekers moet getroud wees. M. M. du Toit, Die Panne, Moorreesburg.

### TE KOOP

**LUSERN** te koop. — Mede-Boere, koop nou u lusern regstreeks van die kweker. Eerste graad 4/6, tweede graad 4/- per 100 lb. v.o.s. Kirkwood. **J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

**DOPLOSE** saadhawer. Saai 20 pond per morg. Bespreek vroegtydig, voorrade beperk. Prys £3 per sak, £1-11-0 per halfsak, 16/6 per kwartsak. Droëland saad. — **J. van der Walt, Hartbeesfontein, Middelburg, K.P.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé. Sasbankgebou, Bloemfontein.**

**SPEELSKEIE** van goeie hout. Bottelskeie teen 3/9; vierkantige-koppe teen 4/6. **Koos Botha, P/S. Serpentine, Dist. George.**

**DEEL** in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

**WANGANELLA RAMME.** — Opreggeteelde Wanganella Ramme verkrygbaar vanaf 1 April 1944, teen billike pryse. Groot karkasse en hoë kwaliteit wol die kenmerke. Bestel vroegtydig ten einde teleurstelling te voorkom. **F. S. Olivier, P.S. Oude Land, Dist. Graaff-Reinet.**

**BESTE** kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte. Speelmanskraal, George. K.M.B. **J. P. Wagener. Klip Rivier. P.K. Speelmanskraal, George.**

**Hansmoeskraal-Saadaartappel-Kwekersvereniging** bied aan:— „Arran Chief"-moere met A-sertifikaat, 25/- per sak V.O.S. George; Kontant met bestelling. Doen aansoek: **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Bus 47, George.**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.

# Plegtige Viering van Vryheidsdag

## SATERDAG, 26 FEBRUARIE.

**Net soos verlede jaar word Vryheidsdag (Amajubadag) dwarsdeur die land deur die Ossewabrandwag weer plegtig gevier. Weereens sal die betekenis van Vryheidsdag plegtig deur alle brandwagte herdenk word en die gelofte hernu word om die stryd van die Afrikanerdom met vasberadenheid voort te sit tot verwesenliking van ons vryheidsideaal.**

Weer sal alle brandwagte in gelofte verenig om die vryheidsvuur en elkeen sy stukkie hout as bewys van sy onwrikbare wil, vasberadenheid en onderlinge trou, een vir almal en almal vir een, op die vuur werp.

**PROGRAM**

Op Saterdag, 26 Februarie, vergader alle eenhede onder hul offisiere.

Die namiddag se verrigtinge word volgens eie keuse en plaaslike omstandighede gereël.

**8-uur nm.:**

Die plegtigheidsverrigting begin die aand presies om 8-uur, wanneer die offisier-in-bevel die fluitjie blaas en die aanwesiges aantree by die houtstapel, wat later aan die brand gesteek word.

Die verrigtinge begin met skriflesing, nl. Psalm 144, gevolg deur die sing van Ps. 89 vers 7, en kort gebed.

**8.20 tot 8.25:**

Die Boodskap van die Kommandant-Generaal word voorgelees. (Sien Die O.B. van 19 Januarie 1944).

**8.25:**

Voordrag van die Amajuba-kantate of ander voorgeskrewe stuk. (Sien Die O.B. van 26 Januarie 1944).

**8.55:**

Vlamme (intussen in gereedheid gebring) wat die vryheidsvuur moet aansteek, word deur lede van die Boerejeug met fakkels aangebring en een aan die offisier-in-bevel oorhandig onder die sing van Ps. 146 vers 3.

**9-uur (presies):**

Die offisier-in-bevel gee die teken deur 'n fluitjie te blaas, steek die vuur aan en die ander fakkeldraers volg sy voorbeeld.

Die aanwesiges sing die Lied van Jong Suid-Afrika, verse 1 en 4, wat hier afgedruk word vir die gerief van brandwagte:

En hoor jy die magtige dreuning?
Oor die veld kom dit wyd gesweef.
Die lied van 'n volk se ontwaking,
Wat harte laat sidder en beef.
Van Kaapland tot bo in die Noorde,
Rys dawerend luid die akkoorde:
Dit is die Lied van Jong Suid-Afrika.
(laaste reël drie keer herhaal)

Die golwende veld is ons woning,
En ons dak is die hemelblou;
Die Vryheid alleen is ons koning,
Sy wagwoord is: „Handhaaf en Bou"
Die stryd wat ons vaders begin het,
Sal woed tot ons sterf of gewin het.
Dit is die Eed van Jong Suid-Afrika.
(drie keer herhaal)

**9.10:**

Die Vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van ons land. Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en roep almal tot aandag en op saluut. Hulle bly staan op saluut vir drie minute in stille bepeinsing in die vuur te tuur.

**9.13:**

Die fluitjie blaas om die saluut te beëindig en die offisier-in-bevel lees op plegtige wyse die Vryheidsverklaring en Gelofte soos deur die Groot Raad opgestel. (Sien Die O.B. van 2 Februarie 1944).

**9.18:**

Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en die offisier (hoogste in rang) tree na vore, ordelik gevolg deur die aanwesiges, een agter die ander, en elkeen werp sy stukkie hout op die vuur as **teken van die aanvaarding van die verklaring en gelofte.**

Sodra dit klaar is marsjeer almal een agter die ander agter die offisier aan verby die kissie wat onder die sorg van twee onder-offisiere in gereedheid geplaas is en plaas hul offers (bydraes) vir die Noodhulpfonds daarin.

Die aanwesiges tree weer aan en sing die laaste vers van Die Stem:—

Op U almag vas vertrouend het ons
vadere gebou.
Skenk ook ons die krag, o Here, om
te handhaaf en te bou —
Dat die erwe van ons vaad're vir ons
kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die
hele wêreld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook
ons vertrou, o Heer;
Met ons land en met ons nasie sal dit
wel wees, God regeer.

Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

**LET WEL:**—Offisiere en brandwagte moet al hierdie stukke in verband met Vryheidsdag wat agtervolgens gepubliseer word in Die O.B. van 19 en 26 Januarie en 2 Februarie, bewaar vir die plegtigheid op 26 Februarie.


*TOT U DIENS!!*

Reeds vir 2 jaar is ons besig om ons naam in Kaapstad bekend te maak. Nou is dit ons aangenaam om ons aan plattelandse lesers en onbekende vriende bekend te stel.

**ONS BIED U MEUBELS**

vanaf u kombuis tot by u slaapkamer.

Enige spesiale ontwerp word in ons fabriek onder persoonlike toesig gemaak.

**Stinkhout-meubels**

'n spesialiteit en aangebied teen fabriekspryse

**MEYER en FERREIRA**

Laer Hoofweg 287

OBSERVATORY

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660 — JOHANNEBURG**

Kolossale voorraad van ons beroemde Vrugtebome, alle soorte, vroeg tot laat. Rose in bekoorlike Versamelings. Honderde bestellings reeds gereserveer, bespreek nou u benodighede vir Winterplantseisoen 1944, u voorkom daarmee teleurstelling, u kry u gekoosde soorte, super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid.

Sierstruike, Uitlandse bome, Bloekom, Denneboompies, Heiningplante en Palms vir Somerplanting.

Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (2)

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

**DE KOCK se GARAGES**

| | |
|---|---|
| Foon 110 | Foon 16 |
| Voortrekkerstraat, | Herefordstraat, |
| MIDDELBURG, | GROBLERSDAL, |
| Transvaal. | Transvaal. |

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS! . . .*

V.M.K. AANBEVEEL.

**Adverteerders Handhaaf Uself deur in Die O.B. te Adverteer.**


## Hfgenl. Pienaar in Vrystaat

Gebiedshoofgeneraal Pienaar van Natal het Vredefort gedurende Desember besoek. Die opkoms was weens ploeg- en planttyd taamlik skraal, maar Brandwagte het met nuwe moed en besieling die vergadering verlaat. Ook het hy Hielbron, Kopjes, Parys, Viljoenskroon, Bothaville en Kroonstad besoek, en almal getuig van die geweldige indruk wat hy gemaak het. Sy lewenservaring, sy intieme kennis van die partystelsel, sy gehegheid aan ons ideale en sy wyse van optree was van so 'n aard dat die Vrystaat hom in die toekoms altoos baie welkom sal heet!

## VERJAARDAGKETTING

**6 Jan.:** Petrus Reneke, Upington; J. Smith, Malmesbury; Willem Wilkenson, Tiervlei; Naomi Olivier, Port Elizabeth; Jan A. Venter, Schuinsdrift; Emma M. C. Steyn, Potgietersrust.

**7 Jan.:** Jacoba Klue, George; Japie A. de Vries, Beaufort-Wes; Daniel B. van Greunen, Kirkwood; Freddie J. Freeman, Eppingtuindorp.

**8 Jan.:** Pieter Vermeulen Sutherland; Jacob Cloete, Sutherland, Bertie Grobbelaar, Wellington; Hester M. le Roux, Fraserburgweg; Johanna J. Jacobs, Hankie, Nababeep; Helena P. Janse van Rensburg, Clocolan.

**9 Jan.:** Maria F. Byleveldt, Aughrabies; Nico van der Westhuizen, Stellenbosch; Anchen Lutz, Paarl; Daphne van de Mescht, Port Elizabeth; Cornelia S. le Roux, Merweville; Jacobus Smit, Malmesbury; Martha van der Merwe, Bellville; Anna J. Haasbroek. Vryburg; Helette Gertruida Kotzé, Moorreesburg; Karina Baard, Moorreesburg;

Bostaande verjaardaglys is per abuis weggelaat in die vorige uitgawe.

**20 Jan.:** Hermina Smit, Aughrabies; Magdalena Briedenkann, Boskuil.

**21 Jan.:** Marjorie Theron, Belleville; Tienie Nortje, Vredendal; Anna J. C. Venter, Potgietersrust.

**22 Jan.:** Jahanna Joubert, Observatory.

**23 Jan.:** Gert Ellis, George; Dawid du Plesis, Stellenbosch; Cecile Naude, Stellenbosch; Magda van Wyk, Paarl; Willem A. van Rensburg, Eppingtuindorp; Francis Stiglingh, Pietersburg.

**24 Jan.:** Willem le Roux, Tiervlei; Matthys C. van Deventer, Potgietersrust.

**25 Jan.:** Tielman J. Roos, Stellenbosch; Nicolaas du Plessis, Sutherland; Lukas G. Potgieter, Kirkwood; Katharina van Deventer, Middleton; Wilma Scholtz, Johannesburg.

**26 Jan.:** Sarah Barnard, George; Jacobus C. Nel, Kirkwood; Petrus H. Kleynhans, Kirkwood; Karel Röhrbeck, Pietersburg; Veronica Thiem, Worcester;

Munisipaliteit van Robertson.

**VAKATURE — Blanke Distriksverpleegster**

**KENNISGEWING No. 1/1944.**

Applikasies, as sulks gemerk, sal ontvang word tot om 12-uur n.m. op Vrydag, 4 Februarie 1944 vir die betrekking van Distriksverpleegster vir hierdie Munisipaliteit.

Applikante moet ten volle tweetalig wees en moet geregistreer wees beide as Algemene- en Kraamverpleegster.

Die salaris sal wees £200 per jaar plus £48 per jaar motortoelae. 'n Motor word deur die Raad verskaf.

Applikante moet hul ouderdom en ondervinding meld asook die datum waarop diens aanvaar kan word.

Drie afskrifte van getuigskrifte asook 'n Mediese sertifikaat moet voorgelê word.

Die suksesvolle applikant sal verplig wees om by die Raad se Pensioenskema aan te sluit.

Op las,
G. W. VAN ROOYEN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Robertson.
4/1/1944.